

Mandi die wonderlike mol

Skrywer: Edith Kriel

Kunswerk: Kaylee Pereira

Tema: *Glo in jouself, doen die regte ding*


Gepaste ouderdomsgroep: *Alle ouderdomme*




Eendag lank gelede, diep diep onder die grond het 'n jong mol met die naam van Mandisa gebly (Mandisa beteken "soet" in isiXhosa, een van Suid-Afrika se tale, maar almal het haar Mandi genoem). Sy het met haar mol familie en mol maatjies in die tunnels onder die grond gebly. Soos alle molle het Mandi meense van haar tyd spandeer om tunnels te grave. Dit was harde en uitputtende werk maar sy was 'n goeie tunnel graver. Sy het ook die beste neus gehad om lekker eetgoedjies uit te snuif – sy kon goggas en besies en wurms van ver weg af ruik.

Al die molle was mal daaroor om krakerige goggas en besies te kners en hulle het dit genie tom sappige wurms soos spaghetti op te slurp. Wanneer hulle magies vol is gaan slaap hulle lekker om gereed te wees vir al die grave die volgende dag. Mandi se familie bly al in dieselfde tunnel vir jare. Die grootmense het altyd Mandi en haar maats gewaarsku: "Moenie te ver van jou eie tunnel af grave nie. Jy weet nooit wat met jou kan gebeur nie – dis gevaarlik. Dit is veiliger om te bly in die plek wat jy ken".

Die probleem was dat daar geen krakerige goggas of sappige wurms naby hulle tunnels oor was nie. Waarheen het al die lekker kos verdwyn? Dit was als opgeëet! Mandi en haar maats was meeste van die tyd honger. Hulle het al hulle energie verloor om te grave. Hulle het by die huis gebly en die wortels van die groot ou boom in die middle van hulle tunnels gekou. Die droeë wortels het vir almal maagpyn gegee. Sommige van die molle het ook pynvolle kopsere gehad want die wortels was hard en housterig en die honger molle het aanhou aan hulle stamp. Jy sien, molle het bitter swak oë en dit was baie bedrywig in die tunnels. Maar elke dag het die honger mislukke molle aanhou om die droeë wortels te kou en elke dag het Mandi net meer en meer frustreerd geraak. Die ergste was dat Mandi lekker krakerige goggas en sappige wurms kon ruik nie te ver weg nie. Sy het die ander vertel maar hulle het haar nie geglo nie.



Hulle het kwaai, grompot dinge gesê soos: ""Jy droom seker" en "Hou op stories opmaak" en "Jy is net 'n kind so bly stil". Een van hulle het selfs gesê: "Wat weet jy, jy is net 'n simpel klein dogtertjie en wat weet dogtertjies van wurms en goggas?"



Dit het Mandi baie sleg laat voel. Dit het haar eintlik so sleg laat voel dat sy besluit het om weg van al die ander molle te gaan om vir 'n rukkie oor als te dink. Mandi grawe toe 'n tunnel boontoe om 'n bietjie te kyk na die wêreld bo die grond. Dit was warm en sonnig en sy het 'n paar wonderlike goedjies geruik. Sy het haar lyfie uit die tunnel gewikkel en onder 'n groot skadu boom gaan sit – dieselfde boom wie se wortels die molle onder die grond aan kou. Sy het haar oë toegemaak en diep asem gehaal om te ontspan. Toe sy haar oë oopmaak toe sien sy die son skitter op 'n stukkie gebreekte glas. Sy het 'n stukkie glas opgetel, nogals 'n ronde stukkie. Sy het haar een oog toegeknyp en met die ander oog deur die glas gekyk. WOW! Dit was asemrowend! Als het helder en duidelik en kleurvol deur die glas gelyk. Sy kon al die pad tot die bokant van die boom en die wolke en die blou lug sien. Dit was wonderlik!



Mandi dink toe aan 'n plan. Sy begin soek vir nog 'n ronde stukkie glas. Sy het 'n klippie gevat en die kante van die glas glad gemaak. Met stukkies ou draad wat sy opgetel het het sy vir haarself 'n netjiese paar brille gemaak. Dit was tyd om die ander molle te wys. Met haar nuwe brille versigtig onder haar arm het sy haar pad ondertoe gemaak. Almal het die brille aangepas en vir die eerste keer kon hulle die wortels duidelik sien. Hulle het selfs die knoppe op hulle koppe gesien waar hulle aanhou bots het teen die wortels.

Toe al die molle rustig geraak het vir die aand het Mandi haar brille opgesit en begin grawe. Die ander molle het aanhou kante toe grawe – dit is hoekom hulle aanhou bots het met die wortels van die boom en hoekom hulle uit kos uit geraak het. Maar Mandi kon 'n ander manier sien om dinge te doen. Sy het ondertoe gegrawe, diep ondertoe, onder die wortels van die boom. Te danke aan die brille kon sy sien waarheen sy gaan.

Soos wat Mandi dieper grawe kon sy die reuk van die krakerige goggas en sappige wurms sterker en sterker ruik. 'n Heerlike reuk! Sy het haar neus gevolg tot sy 'n massiewe krakerige gogga vind. Sy het dit opgeknabbel en haar magie het dadelik begin beter voel. Nou kan sy kos vind vir die ander molle – daar was meer as genoeg om van te kies!

Met 'n groot vet gogga en 'n lang slymerige wurm in haar mond het Mandi die lang pad huistoe begin vat. Sy het die geskenkies langs haar oupa se bed gelos. Sy neus het begin kriel, hy het ophou snork en sy oë oopgemaak. . hy het die kos gesien en toe vir Mandi soos wat sy daar staan en glimlag met haar blink brilletjies. En toe begin hy lag – 'n groot harde maag-lag. Hy het so hard gelag dat die ander molle wakker geword het.

Oupa Mol het met sy harde stem gesê: "Kyk na al die lieflike kos wat Mandi vir ons gevind het! Sy is die slimste en braafste van ons almal. Sy het nie laat die vrees van die onbekende haar terughou nie. Sy het ons almal gered!" Al die molle het begin juig vir Mandi en haar brille, selfs die molle wat voorheen lelik met haar was.

En so het dit gebeur: net deur dinge anders te sien en in haar eie vermoë en wat sy dink reg is te vertrou het Mandi 'n beter toekoms vir haar en die ander molle verseker.

?